Afrikaners is plesierig, nie oproerig

VIDA BOOYSEN IN BLOEMFONTEIN
vida.booysen@sake24.com

In die 1980's, toe dit ongehoord was vir die sogenaamde witboordjiewerkers in Suid-Afrika om tot 'n vakbond te behoort, het onderwysers se salarisse begin agterbly by inflasie.

Naderhand is die ondenkbare oorweeg: Om meer militant aan te dring op verhogings deur onderwysvakbonde te vorm en selfs te staak, as dit moet.

Mnr. André Venter, bestuurder van strategiese ontwikkeling van die vakbond Uasa, vertel dat 'n hoë amptenaar in onderwyskringe destyds vir die vakbond-rolspelers gesê het: "Onderwys is 'n edele beroep, ons sal nie tot sulke vlakke daal nie."

Waarop 'n vakbondleier toe geantwoord het: "Hulle kan wel edel wees, maar onderwysers is steeds werkers en daarom blootgestel aan uitbuiting."

Dié staaltjie illustreer die huiwerigheid wat veral professionele Afrikaanssprekendes steeds voel om hulle vrywillig by 'n vakbond aan te sluit. Weens die vakbondwese se geskiedenis in Suid-Afrika, as agente vir politieke verandering, is hulle versigtig oor wat hul deelname presies behels.

Mnr. André Venter, bestuurder van strategiese ontwikkeling van die vakbond Uasa.

Tipies individualisties, hou Afrikaners nie van die idee dat hulle as deel van 'n groep moet beding om erkenning nie.

"As jy jou by 'n vakbond aansluit, beteken dit dat jy nie uit jou eie 'n behoorlike ooreenkoms kon beding nie. Dit voel asof jy as individu geen invloed het nie en 'n mens wil graag glo jy is meer werd as dit," sê 'n voormalige joernalis van *Media24* oor haar besluit om nie lid van 'n vakbond te wees nie.

Dan is daar steeds professionele mense wat reken 'n vakbond is net van nut vir diegene wat op die fabrieksvloer werk.

Maar in die onlangse resessie het maatskappye nie geskroom om op bestuursvlak personeel af te lê nie, sê Venter. Dikwels moes hierdie mense oor uitdienstreding onderhandel sonder enige helpers wat in hul hoek van die kryt veg.

"Dit is 'n beproefde strategie om te besnoei aan die bestuurskorps – mense wat nie kollektiewe bedingingsmag het nie en wat die maatskappy meer geld bespaar wanneer hul poste afgeskaf word."

Hoe versoen Afrikaanssprekendes hulle met die beeld van 'n vakbondlid wat met 'n plakkaat in die straat betoog?

Venter sê 'n mens misgis jou as jy dink Afrikaners wil nie staak nie. As daar 'n skreiende onregverdigheid in die werkplek is, sal hulle optree.

"By die Suid-Afrikaanse Lugdiens en Metrorail het ons 'n paar jaar gelede ondervind dat ons lede, swart en wit, almal so ontstoke was toe dit aan die lig kom dat bestuur hulle probeer bedrieg het, dat hulle heeltemal gewillig was om te staak ter wille van die beginsel van die saak."

Stakende werknemers van Transnet hou 'n optog in Bloemfontein om teen die maatskappy se voorgestelde loonverhoging van 11% protes aan te teken. | FOTO: EMILE HENDRICKS

Afrikaner-stakings is plesierig, nie oproerig nie, sê mnr. Jaco Kleynhans, woordvoerder van Solidariteit.

"So drie jaar gelede het meer as 1 000 van ons lede by Sasol Mynbou in Secunda gestaak. Hulle het almal op die grasperk voor Sasol se aanleg bymekaar gekom, gebraai en lekker saamgekuier. Soms sal ons selfs kunstenaars reël om die stakers te vermaak."

Hy sê die vakbond gebruik stakings net as laaste uitweg en dit gebeur eintlik min dat daar gestaak word. Hy sê tans sluit daar maandeliks meer as 2 000 nuwe lede by dié vakbond aan.

"Solidariteit is ook nie meer net 'n vakbond nie. Hoewel dit ons hooffokus is om ons lede in die werkplek te beskerm, is hulle 24 uur van die dag lede, nie net wanneer hulle werk nie. Dus onderhandel ons ook oor groter vryheid ten opsigte van hul besluite oor mediese sorg en pensioene, help met opleiding en lewer maatskaplike bystand."

Ook Uasa, met sy 73 000 lede, het verskeie uitreikprogramme en takel kwessies soos waterprobleme en infrastruktuur.

Dit blyk dat vakbonde toenemend 'n rol vervul op politieke en maatskaplike terrein en dat mense wat nie deel van die gesprek is nie, agterbly. "Suid-Afrika is tegnies 'n eenparty-staat en daarom voel mense dat partypolitiek nie hul kwellings takel nie. Daar word toenemend na oplossings op burgerlike vlak gesoek en Solidariteit meen dit is 'n goeie, praktiese alternatief om 'n stem vir weerloses te word en die regering selfs hof toe neem, indien nodig," sê Kleynhans.

Venter sê weerloosheid in die werkplek is steeds die vernaamste rede om tot 'n vakbond te behoort. Hoewel sommige werkers bang is dat dit teen hulle sal tel wanneer hulle hul by 'n vakbond aansluit, het diesulkes juis beskerming nodig. "In die werkplek is dit deesdae 'n oerwoud. Daar is roekelose werkgewers wat nie twee keer sal dink om werknemers onregmatig af te dank nie. Daarom is dit noodsaaklik om weerstand te bied teen onregverdigheid."

Daar is steeds Afrikaners wie se denke oor vakbonde deur die meer militante optrede van veral Cosatu-vakbonde gevorm word. Solidariteit se aanbieding van 'n breër beweging waar arbeidskwessies slegs een gebied is, is egter bale aanneemlik vir Afrikaners.

– MNR. JACO KLEYNHANS, WOORDVOERDER VAN SOLIDARITEIT.